**24 November** **Skrifgedeelte: Psalm 146**
**Fokusgedeelte: Psalm 146:5,6**

## Verwag vandag jou hulp van die Here!

Hoe lyk jou dagprogram vandag en môre? Watter dinge wat jy moet doen lyk vir jou moeilik? Wat lê soos 'n berg voor jou? Dalk is dit `n moeilike vergadering; `n gesprek met jou baas; `n telefoonoproep na `n broer, suster of ouer met wie jy tans nie `n goeie verhouding het nie; `n moeilike besluit oor waar jy moet gaan woon; `n operasie of sommer net nog `n dag wat jy alleen moet deurbring. Diep in jou hart besef jy: Ek het iemand se hulp dringend nodig vir dit wat vandag of môre op my wag.

Psalm 146 roep jou vandag op om jou hulp net van die Here te verwag! Ons word so maklik verlei om op mense te vertrou: mense in hoë posisies, mense wat invloed en mag het, mense wat slim en geleerd is. Maar mense stel so dikwels teleur, want mense is sondaars – so nietig, so beperk, so tydelik en sterflik.

Nee, verwag jou hulp van die Here. Hy is groot en magtig, die Skepper van die hemel en die aarde. Hy is volmaak wys en volmaak goed. Sy insig, kennis en wysheid is onbeperk. Hy is die ewige God, onsterflik in sy wese, onbeperk in vermoë. Hy is altyd dieselfde God wat sy kinders help en bystaan.

Praat vandag nog met die Here oor die dinge wat soos 'n berg voor jou lê, al lyk dit dalk vir ander mense onbenullig. Vertrou op die Here vir hulp, leiding, krag en wysheid. Verwag jou hulp in alle omstandighede net van Hom. Wanneer jy onwrikbaar op God steun, sal sy vrede jou deel word. Dan sal jy ook vandag die moeilike situasies met rustigheid en vreugde kan aanpak.

*Sing: Psalm 18:3,9* *Ds L du P van der Vyver (Silverton)*